NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 18 OKTOBER 2020

TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
Gesondheidsdienste

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
1 TESSALONISENSE 2:1-8,
DEUTERONOMIUM 34:1-12
PSALM 90:1-6, 13-17, MATTEUS 22:34-46

SONDAG, 18 OKTOBER
BIDDAG VIR GESONDHEIDSDIENSTE 09:00 Oggenddiens: ds Chris Barnardo Doop Geen Aanddiens
MAANDAG, 19 OKTOBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 20 OKTOBER
09:30 Senior burger Bybelstudiegroep – byeenkoms in Kerk 17:00 Kooroefening 18:00 Dinsdag Mannegroep – byeenkoms in Konsistorie 19:00 Eiendomme kommissie – vergadering in Moederskamer
WOENSDAG, 21 OKTOBER
09:30 Vroue Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie 10:45 Fondse kommissie – vergadering in Moederskamer 19:00 Erediens & aanbidding kommissie – vergadering in konsistorie
DONDERDAG, 22 OKTOBER
10:00 Dienssentrum vir Seniors – Moedergemeente Kerksaal: Fanie Gehoor Kommunikasie & Toerusting 15:00 Openbaring Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie **Sopkombuis**: Mari Botma, Roezan Lewis, Charlene Botes, Sonelle Roux, Ronel Le Grange, Lyta van Wyk, Tillie van Tonder

VRYDAG, 23 OKTOBER	
	SKOLE SLUIT
09:30	Gebedsbyeenkoms in Konsistorie – almal welkom
SATERDAG, 24 OKTOBER	
SONDAG, 25 OKTOBER	
	EEN EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD HERVORMINGSFEES DANKBAARHEIDSONDAG
09:00	Oggenddiens – Nagmaal Dankofferinsameling Kontak Kerkkantoor om plek te bespreek. Protokolle sal gevolg word.
	Geen Aanddiens

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
2. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
3. Lidmate is steeds welkom om enige tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

EREDIENSTE

BAIE BELANGRIK!!! Bywoningsgetalle word beperk tot 250. Almal wat die diens wil bywoon moet dus **elke week** hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas. Volgens die WKOD se webtuiste sluit die skole vir hierdie kwartaal eers op 23 Oktober en hėropen weer op 2 November.

Die Nagmaal van 18 Oktober skuif na 25 Oktober agv die doop wat op 18 Oktober bedien word.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

18/10 Suzanne Kruger, Frans de Bod, Adéle Fourie,
Karli Schreuder
19/10 Magda Janse van Vuuren, Daniel Ochse, Renita Nieuwoudt
20/10 Lika Herholdt, Reshé Visser
21/10 Dienie du Plooy, Cisca Deutschmann, Koekie Pretorius, Gerard Filies,
Anneke Engels
22/10 Lize-Ann du Plooy, Jan Vermaak, Petri Marais
23/10 Tarina Esterhuysen, Jacques Triegaardt, Winfred Tiller, Sonja Nel
24/10 André Joubert, Charl Myburgh, Annika Cooper

GEMEENTENUUS

1. Oom Piet de Wit (Othello) is steeds in die hospitaal. Dit gaan baie beter met sy gesondheid.
2. Sonja Burrows (Tim, ons koster se vrou) het baie slegte nuus ontvang met betrekking tot haar gesondheid.
3. Welkom aan Marie Du Plooy wie se lidmaatskap ontvang is vanaf Riebeek-Kasteel gemeente.
4. Welkom aan Pieter en Cecile Westraat wie se lidmaatskappe ontvang is vanaf Hermanus en Durbanville gemeentes.
5. Erna Carstens (Gousblomstraat) het ‘n operasie ondergaan. Ons het verlede week per abuis verkeerde Erna op die aankondiginge aangedui. Ons vra omverskoning.
6. Baie geluk aan Jan Vermaak en André Joubert wat hul 80ste verjaardae in die komende week vier.
7. Henty en Petra Wickens (Brackenfell) het ‘n kleinseun ryker geword. Die kinders woon in Kanada.
8. Ons vra voorbidding vir ons tuinwerker, Joseph Dondolo, se seuntjie, Umuhle, wat siek is in Tygerberg Hospitaal. Hulle weet nog nie presies wat fout is nie.

TIENDE MAAND DANKOFFER

Ons jaarlikse Tiende Maand Dankofferinsameling vind plaas op Sondag 25 Oktober 2020. Die koeverte is reeds na die blokleiers versprei vir verdere verspreiding na die lidmate. Indien jy nie ‘n koevert ontvang nie, is jy welkom om een by die kerkkantoor te kom haal. Bydraes kan ook per EFT of Snapscan gegee word. Gebruik verwysing 10de Dankoffer.

BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van ‘n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag ‘n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat

VROUEOGGEND – ALTA DU TOIT NASORG

Alta du Toit Nasorg, Bellville, bied op Saterdag 28 November 2020 om 09:30 ‘n VROUEOGGEND aan by Goedgeleven, Durbanville.

Die gaskunstenaars is Dowwe Dolla en Leah. Kaartjies teen R295 per persoon is beskikbaar by marina@altadutoit.org.za

SKOOLVERLATERS 2020

Die klas van 2020 se eindeksamen begin op 5 November. Ons as gemeente wil graag weer vir hulle tydens ‘n erediens sterkte toewens met die eksamen aan die einde van ‘n baie moeilike jaar. Dit word beplan vir Sondag 1 November.

Ons het die name van die volgende skoolverlaters. Indien jy bewus is van nog wie se naam nie op die lys verskyn nie, laat weet asb die kerkkantoor.

Kian Britz, Kyla Clark, Zonika de Mon, Fritz du Raan, Kristin Grobbelaar, Diaan Groenewald, Dirk Heydenrych, Willmi Loots, Cian Myburgh, Zeldene Prinsloo, Lize Small, Albertus van der Merwe, Armand van Tonder

DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Die Drop & Go Projek gaan steeds voort met die insameling van kos vir die koskas waaruit kospakkies aan behoeftige gesinne verskaf word.

Ons Melkvoorraad is tans baie laag.

Kontak die kerkkantoor of Piet Rootman by 0823750259 vir verdere inligting.

AKSIE SAMARITAAN

WENSLYSIE...

- ❖ **Borge vir bestanddele van weeklikse pannekoek projek van volgende items:**
  - **10kg koekmeel**
  - **3 houers groot eiers (30 per houer)**
  - **2.5kg suiker**
  - **4 x 750ml kookolie**
- ❖ **Bakkers en strooiers om te help by pannekoek**
- ❖ **Elektriese grassnyer & randsnyer**
- ❖ **100 borge vir die haweloses se Desember vakansie kospakkies.**
  Koste R500 – Kontant / Lys van items beskikbaar

Kontak vir Jacomina by 0824533862 indien u behulpsaam kan wees met enige van die wense....
U vrygewige goedhartigheid word opreg waardeer.

WYNVEILING

Wynveiling – 19 Nov 2020

Met die verslapping van die inperkingsbevele, hou ons DV op 19 Nov die **Kosie Steenkamp-gedenkwynveiling** by Kaapzicht.

Kaartjies @ R200pp is by die Kerkkantoor beskikbaar.

Lees meer besonderhede in die elektroniese Akker.

PREEKSKETS – 18 OKTOBER 2020

TEMA: SPEEL ONS DIE VOLLE TOONLEER?

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: 1 Tessalonisense 1:1-10 (Bl. 267)
Loflied: Lied 169: 1,2,3
Doop: Lied 288: 1.2.3

Inleiding.

1. 1 Tessalonisense is die eerste indrukke van ’n geskrewe getuigskrif van die apostel Paulus. Hierdie brief is die eerste en oudste stem van die Christelike geloof in geskrewe vorm. Hierdie is ’n brief wat handel oor verhoudings en rolmodelle. Dit handel oor geloof in aksie aangevuur deur:

2. Die krag van Christus se lewende teenwoordigheid. Die eerste indrukke aangaande Jesus was nie een van afstand nie, maar ’n helpende hand en ’n gewillige oor om te luister. Jesus se krag lê in aksie, in uitreik en heelmaak. Jesus se krag is ’n krag van liefde.

3. Die persoonlike en gemeenskaplike teenwoordigheid van die Heilige Gees. Daardie heilige oproep wat in ons lewens resoneer, wat ons dring om te doen wat ons moet doen. **DÍT** is die teenwoordigheid van die Heilige Gees in ons lewens.

4. Die passie van oortuiging. Met volle oortuiging beteken om PASSSIEVOL te leef. Dit is wat ons moet modelleer. Christene moet passievolle lewens leef wat diep, diep omgee vir die lewe en die wêreld demonstreer.

5. Slot. Dit is die evangelie van Jesus Christus. Krag wat die storie vertel van liefde en opoffering, die onvoorspelbaarheid van die Heilige Gees wat ons op verrassende nuwe roetes neem, en die passie van hoop en liefde wat ons help om God se droom vir die wêreld te droom. Is ons bereid om die volle toonleer van geloof te speel?